

## 14 November - TRONK

### **Skrif- en Fokusgedeelte: Handeling 16:16-32; 2 Korintiërs 4:6-10**

**D**it is vir enige mens ondenkbaar om in 'n tronk opgesluit te word. Tog bevind baie mense hulle in situasies wat ten minste emosioneel soos 'n tronk voel. Jou finansies, werksomstandighede en selfs jou huwelik kan sodanig uitsigloos en verstikkend voorkom dat dit vir jou voel jy is geestelik toegesluit sonder die moontlikheid van 'n bevrydende sleutel wat in 'n slot draai.

Paulus en Silas sit onskuldig met verwonde lywe in 'n haglike sel met hulle voete in houtblokke vasgeklem. Rondom hulle spits medegevangenes hulle ore, omdat vanuit daardie sel nie die normale gevloek en gekerm opklink nie, maar gebede en lofsang!

Hierdie manne van God se optrede bevestig dat die gelowige se gees nooit in 'n tronk vasgevang kan word nie. Die lig van God se genade, wat in 'n verlose hart skyn, kan nie uit daardie hart gefoeter of deur houtblokke aan die voete verdoof word nie.

Kyk 'n slag mooi na die tronk waarin jy jou bevind. Miskien ontdek jy dat dit jou lewensuitkyk, jou vrese of selfs jou optrede is wat die mure van jou bestaan vereng en die ysterdeure voor jou laat toeklap het. 'n Moeë gees verloor maklik perspektief en sien alles behalwe vir God raak.

Hy is nie net daar as die lewe 'n lied is nie. Hy is nie net daar waar die liefde vir en van 'n lewensmaat die kop laat duisel nie. Hy is nie net daar as die bankbalans positief en die werkgewer 'n engel is nie. Hy is juis daar waar ek in totale afhanklikheid aan Hom alleen vasgryp.

Laat gebed en lofprijsing daarom jou siel vleuels gee om uit die tronk op te styg na die hemel. Waar dit in 'n mens se hart gebeur, veroorsaak dit dikwels 'n aardbewing in jou omgewing.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 3*

*Ds D Pansegrouw (Oos-Londen)*